Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

SEPTEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE-OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   AFDELING B: OPSTELVRAE

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE-OORLOG EN DIE NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig word om die vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN vraag moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. Met die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM saamgevat.

VRAAG 1: WATSE IMPAK HET DIE SWARTBEWUSSYN-FILOSOFIE OP DIE STUDENTE VAN SOWETO, IN DIE 1970's, GEHAD?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die begrip *Swartbewussyn* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, het swartstudente van NUSAS weggebreek? (1 x 2) (2)

1.1.3 Watter rol het SASO in swart Suid-Afrikaanse gemeenskappe, in die laat 1960ôs en vroeë 1970, gespeel? (2 x 1) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarkom, jy dink, die õBlack Peopleôs Conventionôswart Suid-Afrikaners wou verenig. (2 x 2) (4)

1.1.5 Identifiseer DRIE maniere in die bron van hoe die Swartbewussyn ideologie hoërskoolstudente beïnvloed het. (3 x 1) (3)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Watter boodskappe dra die spotprent oor SASO oor? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)

1.2.2 Lewer kommentaar oor waarom jy dink SASO teenoor NUSAS gereageer het op die manier, soos deur die spotprent uitgebeeld is, gereageer het. (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na bronne 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1 B ondersteun aangaande die vorming van SASO. (2 x 2) (4)

1.4 Lees Bron 1C.

1.4.1 Watter rol, volgens Mkhabela, het SASM vertolk? (1 x 2) (2)

1.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik die rolle wat die volgende in die mobilisering van die Soweto-studente gespeel het.

a) Tsietsi Mashinini (1 x 2) (2)

b) Seth Mazibuko (1 x 2) (2)

1.4.3 Lewer kommentaar oor hoe die gebeure op die oggend van 16 Junie 1976 in Orlando-Wes, Soweto, ontvou het. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Identifiseer die eerste TWEE slagoffers van die Soweto-Opstand in die bron. (2 x 1) (2)

1.5.2 Volgens die bron, wat was die onmiddellike oorsaak vir die studente optog? (1 x 1) (1)

1.5.3 Lewer kommentaar op waarom swart Suid-Afrikaanse studente, Afrikaans as die taal van die onderdrukker beskou het. (1 x 2) (2)

1.5.5 Verduidelik waarom ón historikus die inligting in hierdie bron bruikbaar sou vind wanneer hy die impak van Swartbewussyn navors. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ón paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak van die Swartbewussyn-filosofie op die studente van Soweto in die 1970's verduidelik. (8)

[50]

VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wie, volgens die bron, was ón sleutelfiguur met die formulering van die wet wat die WVK ingestel het? (1 x 1) (1)

2.1.2 Definieer die begrip *versoening* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en verduidelik waarom oortreders die waarheid moes openbaar. (2 x 2) (4)

2.1.4 Noem DRIE take van die WVK. (3 x 1) (3)

2.1.5 Lewer kommentaar oor waarom, jy dink, hierdie bron vir ón historikus,wat die werk van die WVK navors, bruikbaar sal wees. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik die boodskappe wat deur die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)

2.2.2 Lewer kommentaar op wat Aartsbiskop Desmond Tutu met die woorde ons het soveel bewyse, as wat ons kon, hanteer bedoe het, in konteks van die WVK. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, was een van die grootste beperkings met die herstel van slagoffers se waardigheid? (1 x 2) (2)

2.3.2 Verduidelik waarom, jy dink, die Nasionale Party nie ten gunste van die WVK was nie. (2 x 2) (4)

2.3.3 Noem die Kommissie se grootste politieke fout wat in die bron genoem word. (1 x 2) (2)

2.4 Gebruik Bron 1D.

2.4.1 Gee TWEE redes waarom De Klerk gedink het dat die WVK-proses gebrekkig was. (2 x 1) (2)

2.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, en lewer kommentaar op die implikasie van die stelling ódaar moet vervolging van misdade wat nie geopenbaar is nie vir almal. (2 x 2) (4)

2.4.3 Haal bewyse uit die bron aan, wat volgens Cyril Ramaphosa voorstel dat Suid-Afrika aan geregtigheid gewoond was. (1 x 2) (2)

2.5 Verwys na Bronne 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die inligting in Bron 2C ondersteun ten opsigte van die werk van die WVK. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ón paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te versoen. (8)

[50]

VRAAG 3: HOE AFFEKTEER GLOBALISERING DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELENDE LANDE NEGATIEF?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die begrip *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Noem DRIE resultate van globalisering wat in die bron genoem word. (3 x 1) (3)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink globalisering nie die ekonomiese gaping tussen die ryk en arm lande kon kleiner maak nie. (2 x 2) (4)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Watter organisasie, volgens die bron, is tydens die protesaksie geteiken duer anti-globaliseringsondersteuners? (1 x 1) (1)

3.2.2 Gebruik die inligitng in die bron en jou eie kennis, en verduidelik waarom migrant/trek werkers en slawe die protesaksie teen globalisering ondersteun het. (2 x 2) (4)

3.2.3 Watter bewyse in die bron stel voor dat sommige betogers kundig was oor die aktiwiteite van die Wêreldhandelsorganisasie? (2 x 1) (2)

3.2.4 Noem enige TWEE kwessies waarmee betogers ontevrede was, tenopsigte van werking van die die Wêreldhandelsorganisasie. (2 x 1) (2)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)

3.3.2 Identifiseer TWEE negatiewe kritieke van globalisering uit die bron. (2 x 1) (2)

3.4 Verwys na Bronne 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C ondersteun ten opsigte van die impak van globalisering op ontwikkelende lande. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Waarom, volgens die inligting in die bron, het multinasionale maatskappye besluit om hul vervaardigingsaanlegte in die buiteland te vestig? (2 x 1) (2)

3.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die voordele van multinasionale maatskappye. (2 x 2) (4)

3.5.3 Lewer kommentaar oor waarom, jy dink, armes nie voordeel uit globalehandel getrek het nie. (2 x 2) (4)

3.5.4 Verduidelik waarom jy die inligting in die bron as bruikbaar sou beskou wanneer die impak van globalisering op ontwikkelende lande nagevors word. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, en skryf ón paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe globalisering die ekonomieë van ontwikkelende lande negatief affekteer. (8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, in hierdie afdeling nie.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

VRAAG 4: BURGERLIKE WEERSTAND/VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate optogte, sanksies, boikotte en kansellering van beleggings deur internasionale anti-apartheidsbewegings tot die uiteindelike val van die apartheidsregering in die 1980's bygedra het. **[50]**

VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Dit was leierskap, onderhandelinge en kompromie onder die leiers van verskeie politieke organisasies wat verseker het dat Suid-Afrika in 1994 demokrasie behaal het.

Stem jy met hierdie stelling saam? Staaf jou argument met relevante bewyse.

[50]

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN DIE NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Bespreek die impak van die ineenstorting van die Sowjet-Unie in 1989 onder Mikhail Gorbachev se regering op die politieke transformasie wat in Suid-Afrika plaasgevind het, krities.

[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou